
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NOTA VIR NASIENERS:**

- **Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-adviseurs/-amptenare met gespesialiseerde danskennis gemerk word.**
- Die standaardiseringsproses tydens die nasienriglynbesprekings verseker dat hierdie riglyne die meeste moontlike antwoorde, wat die kandidate kan voorsien, insluit.
- Die nasienriglyne mag op geen wyse verander word nie.
- Hou streng by die nasienriglyne wanneer nasien en pas konsekwent toe.
- In sekere kwalitatiewe vrae moet professionele en ingeligte oordeel toegepas word.
- In sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke hoeveelheid feite te verskaf, moet slegs die verwagte hoeveelheid nagesien word indien meer verskaf word.
- Inligting hoe om punte toe te ken wanneer 'n nasienrubriek gebruik word kan in die **NOTA** afdeling van daardie spesifieke vraag gevind word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie noodwendig in die handboek verskyn nie. Onsekerheid oor enige inligting wat deur die kandidaat verskaf word, moet deur navorsing geverifieer word, voordat daar verder gemerk word.
- Hoë, medium en lae kognitiewevlakke wat in elke antwoord verwag word, is ingesluit bokant elke vraag. Dit moet toegepas word wanneer punte toegeken word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag en die **taakvereistes** moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Die stappe waardeur kandidate moet gaan om die vraag te beantwoord, word onder die opskrif- **DINK PROSES** ingesluit.
- Die nasienriglyne verskaf **'n voorbeeld van 'n antwoord** in 'n teksblokkie onder die verwagte reaksies.
  **NOTA:** Dit is om leiding te gee waar om 'n punt toe te ken. In sommige vrae, word 'n voorbeeld van 'n volpunt-antwoord waar nodig, verskaf. In ander vrae word slegs een of twee voorbeelde verskaf.
- Nasieners moet GEEN volpunte toeken vir antwoorde wat oppervlakkig/ minimaal is of waar al die vereistes van die kompleksiteitsvlak van die vraag nie nagekom is nie.
- Nasien moet geskied ten opsigte van wat die kandidate weet en nie wat hy/sy nie weet nie.
- EEN √ = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punte.
- **Geen ½** punte mag toegeken word nie.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENFORMAAT:**

**Vrae wat een regmerk per punt vereis:**
- EEN √ = EEN punt afhangende van die vereistes van die vrae
- Regmerke moet geplaas word, waar 'n punt vir die inhoud toegeken is
- Skryf die totale punt vir die sub vraag/vraag in die regterkantse kantlyn

**Voorbeeld:**

**Vraag:** Wat is dans? (3)

**Antwoord:** Dans is beweging van die liggaam √ wat emosies uitbeeld √ en ook 'n storie kan kommunikeer.√

- Waar antwoorde die maksimum punte oorskry, skryf **MAKS PUNTE** by die punt waar dit bereik was.
- Plaas die antwoord tussen hakies aan die linkerkant se kantlyn om aan te dui dat dit gelees was.

**Nasien kwalitatiewe vrae:**
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Wanneer kwalitatiewe vrae gemerk word, ken slegs volpunte toe as al die areas ingesluit is.
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie
- **NOTA:** daar is spesifieke nasieninstruksies in die vrae wat van 'n nasienrubriek gebruik maak

**Berekening van die puntetotaal:**
- Dui die puntetotaal wat per vraag behaal is in die regterkantse kantlyn aan die einde van die antwoord met 'n diagonale lyn bo die totaal aan.
- Hierdie totaal moet herhaaldelik omkring word aan die begin van die vraag in die linkerkantse kantlyn en omsingel. Plaas jou voorletters langs hierdie totaal.

**Voorbeeld:**

| | | |
|---|---|---|
| (8) SD | VRAAGNOMMER …<br>Begin van die antwoord<br><br>Einde van die antwoord | /8 |


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**

**VRAAG 1: DANSBESERINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **1.1** | **Definiëring** | **1 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **1.2** | **Identifisering** | **3 punte** |
| | **1.3** | **Verduideliking** | **4 punte** |
| | **1.4** | **Bespreking** | **4 punte** |
| **HIGH LEVEL** | **1.2** | **Stawing** | **3 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 1.1 | Verstuitings | 1. Lees om te verstaan<br>2. Herroep |
| 1.2 | Tegniek verbande oorsake wat verwant hou met 'n heupverstuiting | 1. Lees om te verstaan<br>2. Kies geskikte oorsake<br>3. Staaf met voorbeelde |
| 1.3 | Onmiddellike en langtermyn behandeling in verband met 'n heupverstuiting | 1. Lees om te verstaan<br>2. Herroep<br>3. Kies geskikte behandeling |
| 1.4 | Nagevolge van beserings | 1. Lees om te verstaan<br>2. Herroep<br>3. Bespreek hoekom die stelling waar is |

1.1 **DEFINIEER 'N VERSTUITING**

**Verwagte Reaksies:**
- Oorrekking/trek of skeur van 'n spier of sening (1)

1.2 **IDENTIFISERING VAN OORSAKE**

**NOTE:**
- o Kandidate moet DRIE tegniek verbande oorsake spesifiek tot 'n heupverstuiting verduidelik en staaf.
- o EEN punt kan aan kandidate toegeken word vir identifisering van 'n tegniek verbande oorsaak van 'n verstuiting en EEN punt vir 'n voorbeeld
- o As meer as DRIE oorsake en voorbeelde verskaf word, merk slegs die eerste DRIE

**Verwagte Reaksies:**
**Areas wat geïdentifiseer en gestaaf kan word:**
- Toepassing
- Opvoeding
- Misbruik
- Fisiese beperkings
- Opwarming en afkoeling
- Fokus, konsentrasie en stres
- Moegheid
- Kondisionering

Enige ander relevante antwoorde in verband met tegniek verbande oorsake van 'n heupverstuiting (6)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- Verkeerde uitdraaiing √: Nic kon haar bene te ver uitgedraai het, wat uitdraaiing in haar heupe forseer het en die verstuiting veroorsaak. √
- Nic het groot bewegings soos skoppe uitgevoer, √ voor opwarming. √

1.3 **VERDUIDELIKING VAN ONMIDDELLIKE EN LANGTERMYN-BEHANDELING**

**NOTA:**
- Antwoorde moet 'n verband hou met 'n heupverstuiting
- Moenie punte vir slegs identifisering toeken nie, kandidate moet die behandeling verduidelik
- Kandidate moet albei onmiddellike en langtermyn behandeling in hul reaksies in sluit om volpunte toegeken te word
- Kandidate mag meer oor een as die ander skryf

**Verwagte reaksies:**
- Rus
- Ys
- Kompressie
- Elevasie
- Medikasie
- Fisioterapie
- Akupunktuur
- Rehabilitasie oefeninge
- Hitte

Enige ander relevante antwoorde in verband met onmiddellike en langtermyn behandeling van 'n heupverstuiting (4)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- Die dokter kon vir Nic gesê het om ys te gebruik om pyn/ inflammasie te verminder. √
- Die dokter kon voorstel dat Nic 'n fisioterapeut sien om met rehabilitasie te help. √

1.4 **BESPREKING VAN DIE WAARDE VAN DIE STELLING**

**NOTA:**
- Kandidate moet die nagevolge van om met 'n besering te dans bespreek. Moenie punte vir slegs identifisering/lys toeken nie.
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies sal nie in die handboek verskyn nie

**Verwagte reaksies:**
- Verder besering
- Ongelykheid
- Kompensasie van ander liggaamsdele
- Geheuegesondheid
- Lewensduur van loopbaan
- Effek op mede dansers: onvertroubaarheid/onsekerheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met skade deur om met 'n besering te dans (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Die stelling is waar omdat om met 'n besering te aanhou dans kan tot verder besering lei. ✓ Om aan te hou dans met 'n ernstige besering kan ook 'n danser se loopbaan vroeër eindig. ✓ Om met 'n besering te dans versterk negatiewe stereotipes soos 'geen pyn, geen wins' wat 'n danser se fisiese en geheuegesondheid negatief kan affekteer. ✓ Om met 'n besering te oefen en in die laaste minuut uit te val benadeel mededansers omdat die dans sal aangepas moet word om die beseerde danser te akkommodeer. ✓

**[15]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **2.1** | **Lys** | **5 punte** |
| | **2.2.1** | **Verskaffing** | **1 punt** |
| **MEDIUM VLAK** | **2.2.2** | **Verduideliking** | **2 punte** |
| **HOËVLAK** | **2.2.3** | **Evaluering** | **5 punte** |
| | **2.3** | **Analisering** | **7 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 2.1 | Veilige strekking | 1. Herroep |
| 2.2.1 | Kardiovaskulêre/ kardiorespiratoriese uithouvermoë | 1. Herroep |
| 2.2.2 | Kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë en beserings voorkoming | 1. Herroep<br>2. Pas begrip van kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë in verband met beserings voorkoming toe |
| 2.2.3 | Kardiovaskulêre/ kardiorespiratoriese uithouvermoë en dans tegniekklas | 1. Herroep<br>2. Identifiseer elemente wat dalk nie kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë sal ontwikkel nie<br>3. Evalueer of goeie kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë ontwikkel word<br>4. Staaf keuse |
| 2.3 | Komponente van fiksheid | 1. Herroep<br>2. Analiseer foto<br>3. Kies geskikte komponent van fiksheid wat 'n verband met die foto hou<br>4. Pas begrip van relevante komponente van fiksheid aan die foto toe |

2.1 **LYS VEILIGE STREKKING WENKE**

**NOTA:**
- As meer as VYF wenke verskaf word, merk slegs die eerste VYF

**Verwagte reaksies:**
- Asemhaling
- Duur
- Fisiese beperkings
- Konsekwentheid
- Belyning
- Simmetrie tussen linkerkant en regterkant van die liggaam
- Tipe strekking
- Fokus
- Hidrasie (5)

Enige ander relevante antwoorde in verband met veilige strekking


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.1 **DEFINIEER KARDIOVASKULÊRE/KARDIORESPIRATORIESE UITHOUVERMOË**

**Verwagte reaksie:**
- Die vermoë van die hart en longe om suurstofryke bloed na die spiere toe te pomp van lang periodes sonder om moeg te word. (1)

2.2.2 **VERDUIDELIKING VAN HOE KARDIOVASKULÊRE/ KARDIORESPIRATORIESE UITHOUVERMOË BESERINGS VOORKOM**

**NOTA:**
- o Antwoorde oor kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithou-vermoë wat nie verband hou met beserings voorkoming nie moet nie 'n punt toegeken word nie.

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat verband hou met voorkoming van beserings:**
- Moegheid
- Duiseligheid/flouval
- Toewyding tot beweging
- Fokus en konsentrasie

Enige ander relevante antwoorde in verband met kardiovaskulêre/ kardiorespiratoriese uithouvermoë se rol in beseringsvoorkoming (2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Om kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë te hê sal vermy dat ek duiselig of moeg voel tydens dans en sodoende beserings soos val of stamp teen ander dansers voorkom. ✓
- ➢ Om kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë te hê help om langer te oefen om goeie tegniek te ontwikkel wat beserings sal voorkom. ✓


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.3 **EVALUERING OOR OF SKOOL DANSKLASSE KARDIOVASKULÊRE/KARDIORESPIRATORIESE UITHOUVERMOË ONTWIKKEL**

**NOTA:**

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies sal nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag saam stem of nie oor of dansklasse kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë ontwikkel
- Evalueer die antwoord in die konteks van wat die kandidaat weet en punte moet daarvolgens toegeken word

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Tyd/duur
- Klasstruktuur
- Tipe oefening/aktiwiteit
- Herhaling en oefening
- Klasgrootte
- Hoeveelheid deelnemers
- Skoolkonteks: Onderbrekings: eksamens en vakansiedae

Enige ander relevante antwoorde wat 'n verband hou oor of skool dansklasse kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë ontwikkel of nie (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Nee, ek dink nie dat ons dansklasse by die skool goeie vlakke van kardiovaskulêre uithouvermoë ontwikkel nie. Ons het vier dansklasse 'n week en twee daarvan is teorieklasse. ✓ Gedurende eksamentye en oor die vakansie stop ons klasse, so daar is te veel onderbrekings tydens ons afrigting om kardiovaskulêre uithouvermoë te ontwikkel. ✓ Daar is 14 leerders in ons matriek dansklas en om oefeninge 2 vir 2 of in groepe te doen vat 'n lank tyd. Gedurig moet ons ons beurt wag wat beteken dat ons nie vir die volle 45 minuut les voluit dans nie. ✓ Wanneer ons nuwe oefeninge of kombinasies leer, is dit gedurig stop begin omdat die onderwyser tyd spandeer om ons tegniek te korrigeer. ✓ Die enigste tyd waar ons regtig kardiovaskulêre uithouvermoë ontwikkel is wanneer ons naby aan eksamen tyd is en ons ons klaswerk voluit dans. ✓ Alhoewel dans by die skool al 5 komponente van fiksheid ontwikkel, om twee keer 'n week vir 45 minute te dans is nie genoeg om goeie vlakke van kardiovaskulêre uithouvermoë ten volle te ontwikkel nie.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 2.3 ANALISERING VAN DIE FOTO

**NOTE:**
- Antwoorde moet verband hou met die foto
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf
- Kandidate mag op een of meer komponente van fiksheid beantwoord
- Kandidate mag meer oor een komponente van fiksheid as die ander skryf
- Moenie punte vir die identifisering van komponente van fiksheid toe ken nie, kandidate moet die komponent van fiksheid wat met die foto verband hou, verduidelik
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees

**Verwagte reaksies:**
**Spierkrag/Spier uithouvermoë** in areas van die liggaam:
- Heupe
- Bene
- Buik/rug
- Arms
- Enkels/voete

**Kernstabiliteit**
- Balans
- Teenbalans
- Beheer

**Neuromuskulêre vaardighede**
- Balans/beheer
- Ruimtelike bewustheid
- Kinestetiese bewustheid
- Ko-ordinasie
- Ratsheid

**Soepelheid** in areas van die liggaam:
- Heupe
- Buik/rug
- Arms
- Enkels/voete

Enige ander relevante antwoorde in verband met komponente van fiksheid in die foto (7)

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRUBRIEK:**

| | |
|---|---|
| **6-7** | • In- diepte analisering van die komponent van fiksheid wat verband hou met die foto<br>• Verskaf uitstekende voorbeelde wat met die foto verband hou |
| **5** | • Goeie analisering van die komponent van fiksheid wat verband hou met die foto<br>• Verskaf goeie voorbeelde wat met die foto verband hou |
| **3-4** | • Voldoende analisering van die komponent van fiksheid wat verband hou met die foto<br>• Verskaf voldoende voorbeelde wat met die foto verband hou |
| **0–2** | • Minimaal/geen analisering van die komponent van fiksheid wat verband hou met die foto nie<br>• Verskaf minimaal/geen voorbeelde wat met die foto verband hou nie |

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Die dansers gebruik kernstabiliteit omdat hulle teen mekaar rus vir ondersteuning en balans.✓
- Die danser in die middel gebruik sy been- en voetkrag om op een been te balanseer. ✓
- Die dansers toon 'n begrip van kinestetiese bewustheid omdat hulle bewus is van hul eie individuele liggaamsposisies om die vorm saam met mekaar te skep. ✓

**[20]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **3.1** | **Dui aan** | **4 punte** |
| **HOËVLAK** | **3.2** | **Evaluering** | **6 punte** |

| | INHOUD VIR ASSESSERING | DINKPROSES<br>Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg |
|---|---|---|
| 3.1 | Voeding, hidrasie en ontspanningstegnieke | 1. Herroep |
| 3.2 | Dansstereotipering/geheue gesondheid/fisiese gesondheid/danstegniek/genres | 1. Lees om te verstaan<br>2. Herroep<br>3. Pas begrip van voorstellings van die artikel opskrif in verband met hedendaagse tye |

3.1 **DUI AAN WAAR OF ONWAAR**

**Verwagte reaksies:**

3.1.1 Onwaar (1)

3.1.2 Waar (1)

3.1.3 Waar (1)

3.1.4 Onwaar (1)

3.2 **EVALUERING VAN DIE INVLOED VAN DIE OPSKRIF IN HEDENDAAGSE TYE**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en sommige reaksies sal nie in die handboek verskyn nie
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas in verband met die opskrif:**
- Stereotipes
- Geheuegesondheid
- Fisiese gesondheid
- Positiewe liggaambeeld
- Sosialemedia-impak
- Onrealistiese standaarde
- Eetversteurings
- Geslagsrolle
- Inklusiwiteit
- Danstegniek
- Genres/styl

Enige ander relevante antwoorde in verband met die opskrif (6)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRUBRIEK:**

| | |
|---|---|
| **5–6** | • In- diepte begrip van danskultuur in hedendaagse tye<br>• Kan die opskrif aan verskeie aspekte van dans in hedendaagse tye verbind<br>• Verskaf in- diepte, gestaafde voorbeelde om opinie te ondersteun |
| **4** | • Goeie begrip van danskultuur in hedendaagse tye<br>• Kan die opskrif aan sommige aspekte van dans in hedendaagse tye verbind<br>• Verskaf sommige gestaafde voorbeelde om hul opinie te ondersteun |
| **3** | • Voldoende begrip van danskultuur in hedendaagse tye<br>• Kan die opskrif aan sommige aspekte van dans in hedendaagse tye verbind<br>• Verskaf som voorbeelde om hul opinie te ondersteun |
| **0–2** | • Minimaal/geen begrip van danskultuur in hedendaagse tye<br>• Minimaal/geen vermoë om die opskrif aan aspekte van dans in hedendaagse tye te verbind nie<br>• Mag minimaal/geen voorbeelde om hul opinie te ondersteun verskaf nie |

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Die opskrif stel voor dat dans in die huidige tyd weg breek van die stereotipe dat om te dans moet jy skraal wees. Ek dink dansers wat sterk is beter sal vaar want die liggaam is in staat om vir langer te kan dans. In Hip Hop dans, word dansers vereis om vinnig op en af die vloer te beweeg, asook hul dansmaat oplig ongeag hul watter geslag hul is, wat beteken dat hul goeie ontwikkelde spierkrag sal moet hê. Hierdie opskrif kan ook 'n verband hou met sosiale media danssterre wat nie noodwendig slank is nie maar 'n impak wêreldwyd gemaak het om die stereotipe te breek deur hul krag en vermoë aanlyn te demonstreer. Hierdie opskrif kan ook na die geheuegesondheid van dansers verwys omdat professionele dans 'n genadelose bedryf is en dat dansers se geheue sterk moet wees om afkeuring te hanteer. Positiewe liggaamsbeeld floreer en dansers staan saam om hierdie beweging op te stoot en te wys dat om 'n sterk danser te wees, fisies en geestelik meer belangrik is as om maer te wees.

**[10]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: DANSUITVOERING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **4.1.1** | **Lys** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **4.1.2** | **Uitbreiding** | **5 punte** |
| | **4.2** | **Bespreking** | **5 punte** |
| | | **OF** | |
| | **4.3** | **Bespreking** | **5 punte** |

| | INHOUD VIR ASSESSERING | DINKPROSES<br>Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg |
|---|---|---|
| 4.1.1 | Waardes en houdings in 'n praktiese danseksamen | 1. Herroep<br>2. Pas begrip aan praktiese eksamen toe |
| 4.1.2 | Waardes en houdings in 'n praktiese danseksamen | 1. Verwys na 4.1.1 waardes en houdings gelys<br>2. Verstaan die voordele van waardes en houdings<br>3. Pas begrip aan praktiese eksamen toe |
| 4.2 | Aandag aan detail<br>Danstegniek | 1. Herroep<br>2. Verstaan hoe TWEE konsepte 'n verband hou<br>3. Verstaan hoe aandag aan detail bydrae lewer tot danstegniek |
| | **OF** | |
| 4.3 | Verpersoonliking<br>Dansuitvoering | 1. Herroep<br>2. Verstaan hoe TWEE konsepte 'n verband hou<br>3. Verstaan hoe verpersoonliking bydrae lewer tot uitvoering |

4.1 4.1.1 **LYS WAARDES EN/OF HOUDINGS VIR 'n DANS PRAKTIESE EKSAMEN**

**NOTE:**
- Lees die kandidate se reaksie in 4.1.2 gesamelike met 4.1.1
- As die kandidaat voldoende uitbreiding van die waarde en/of houding in 4.1.2 verskaf ken punte in 4.1.1 toe.

**Verwagte reaksies:**
- Stiptelikheid
- Toewyding
- Dissipline/selfdissipline
- Gereelde bywoning
- Toepassing van korreksies
- Spanwerk
- Geskikte dansklere
- Voorbereidheid
- Respek
- Verantwoordelikheid
- Aanspreeklikheid
- Fokus/konsentrasie

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met waardes en/of houdings vir 'n praktiese dans eksamen (5)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.1.2 **UITBREIDING OOR HOE WAARDES EN/OF HOUDINGS HELP IN DIE VOORBEREIDING VIR 'n DANS PRAKTIESE EKSAMEN**

**NOTE:**
- Moet nie punte vir die definiëring van waardes en/of houdings toeken nie
- Moet nie punte vir waardes en/of houdings wat nie in 4.1.1 genoem word nie toe ken
- Kandidate moet uitbrei op hoe die waardes en/of houdings in voorbereiding vir 'n dans praktiese eksamen help uitbrei
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid reaksies verskaf

**Verwagte Reaksies:**
**Moontlike areas om op uit te brei:**
- Stiptelikheid
- Toewyding
- Dissipline/selfdissipline
- Gereelde bywoning
- Toepassing van korreksies
- Spanwerk
- Geskikte dansklere
- Voorbereidheid
- Respek
- Verantwoordelikheid
- Aanspreeklikheid
- Fokus/konsentrasie

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe waardes en/of houdings vir voorbereiding van 'n dans praktiese eksamen help (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- Om stiptelik vir my dansklasse te wees sal verseker dat ek nie nuwe werk of hersiening van werk uit mis nie. ✓
- Om die geskikte dansklere te dra verseker dat ek vrylik sal beweeg wat my sal toelaat om my bewegings korrek uitvoer. ✓
- Ek moet my klasmaats respekteer en nie tydens klas praat nie sodat hulle kan fokus. ✓
- Om saam my span te werk sal verseker dat elke spanmaat vertroue in hul uitvoering sal hê en dat ons ook mekaar sal vertrou. ✓
- Goeie kommunikasie verseker dat ek vrae oor die eksamen vra om beter vir dit voor te berei. ✓

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2 **BESPREKING OOR HOE AANDAG AAN DETAIL BYDRAE AAN DANSTEGNIEK LEWER**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies sal nie in die handboek verskyn nie

**Verwagte Reaksies:**
- Postuur en belyning
- Plasing van die arms en bene
- Presisie en akkuraatheid en ko-ordinasie van bewegings
- Karaktereienskappe en beginsels
- Beserings voorkoming
- Veilige danspraktyk
- Akkuraatheid/skerpe bewegings
- Bewegingskwaliteit
- Improvisasie

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met hoe aandag aan detail bydrae tot danstegniek lewer (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Aandag aan detail sal help in om bewegings met akkuraatheid en presisie uit te voer en dus lyk lyne en vorme moeiteloos en skoon.√ Aandag aan detail kan goeie spiergeheue vasstel om bewegings korrek uit te voer. Byvoorbeeld, om te verstaan hoe om na die punte van die tone te strek sal verseker dat jy die spiere vir spronge versterk. √ Aandag aan detail kan ook verseker dat jy aandag in klas skenk en korreksies toepas om jou tegniek te verbeter. √ Aandag aan detail sal die korrekte plasing van gewrigte verseker wat postuur en belyning sal versterk en verseker dat jy beserings vermy. √

**OF**

4.3 **BESPREKING OOR HOE VERPERSOONLIKING BYDRAE TOT DANSTEGNIEK LEWER**

**NOTA:**
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en reaksies sal nie in die handboek verskyn nie

**Verwagte Reaksies:**
- Interpretasie
- Bewegingswoordeskat
- Simbolisme
- Bewegingskompleksiteit
- Uitvoeringsvaardighede
- Gehoorervaring
- Kommunikasie van bedoeling

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met verpersoonliking en dansuitvoering (5)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Verpersoonliking van my dans laat my toe om my eie styl en interpretasie van my dans uit te beeld. √ Dit verskaf geleenthede om die choreografie aan te pas sodat ek my dansvaardighede kan wys.√ Dit sal my toelaat om kontraste dinamika by te voeg wat my dans meer interessant sal laat lyk. √ Om te dink oor hoe ek elke beweging met die musiek koppel sal my dans meer betekenis gee.√ Verpersoonliking sal my toelaat om my dans met meer emosie uit te voer om my tema beter te kommunikeer. √ **[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **5.1** | **Kies** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **5.2.1** | **Verduideliking** | **8 punte** |
| **HOË VLAK** | **5.2.2** | **Ontwikkeling** | **12 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 5.1 | Dansterminologie | 1. Herroep<br>2. Kies die geskikte terminologie |
| 5.2.1 | Danselemente en Choreografiese strukture | 1. Herroep<br>2. Reflekteer oor die geskikte danselemente en/of choreografiese strukture wat gebruik is<br>3. Verduidelik hoe dit die tema/bedoeling kommunikeer |
| 5.2.2 | PAT proses en beplanning | 1. Reflekteer oor PAT proses<br>2. Kies en organiseer die diagram logies<br>3. Motiveer die keuse |

5.1 **KIES DANSTERMINOLOGIE**

**Verwagte Reaksies:**

5.1.1 C (1)

5.1.2 A (1)

5.1.3 B (1)

5.1.4 C (1)

5.1.5 D (1)

5.2 **NOEM DIE CHOREOGRAFIE TEMA**

**NOTA:**
- Geen punte word vir die naam van die PAT tema toegeken

**Verwagte Reaksies:**
- Afrofuturisme
- Trots Suid-Afrikaans
- Elke dag is aard dag
- Tyd vir Waarheid

Enige ander relevante tema wat gebruik was


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2.1 **VERDUIDELIKING HOE DANSELEMENTE EN CHOREOGRAFIESE STRUKTURE DIE TEMA/BEDOELING KOMMUNIKEER**

**Verwagte Reaksies:**
**Moontlike areas in verband met danselemente en choreografiese strukture**
- Tyd
- Krag
- Ruimte
- Kanon
- Unisoon
- Frasering
- Rondo
- Kontras

Enige ander relevante antwoorde in verband met danselemente en choreografiese strukture (8)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Tema: *Elkedag is Aard Dag*
- ➢ Ruimte: Die Suid- Afrikaanse strand is vol plastiek. Daarom het ons die strand as ons opvoerruimte gekies om bewustheid aan die plastiekbesoedeling in die see te bring. √
- ➢ Kanon: Ons het kanon gebruik om die branders wat een vir een breek uit te beeld. √
- ➢ Rigting: Die dansers het in verskillende rigtings gehardloop om die plastiek wat rond versprei is uit te beeld. √

5.2.2 **ONTWIKKELING VAN 'n CHOREOGRAFIE PLAN**

**NOTA:**
- o Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- o Kandidate mag 'n wye verskeidenheid reaksies verskaf
- o Kandidate mag die plan in enige volgorde organiseer maar moet hul keuse wat progressie toon motiveer
- o Alle areas moet ingesluit word om volpunte te behaal
- o Kandidate mag meer oor een aspekt `n ander skryf
- o Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- o Geen regmerke moet gebruik word nie
- o Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is (12)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRUBRIEK:**

| | |
|---|---|
| **10–12** | • Goeie gestruktureerde plan, wat uitstekende logiese vloei demonstreer<br>• In- diepte begrip van 'n choreografiese proses<br>• Uitstekende motiverings vir die volgorde van gekose stappe |
| **7–9** | • Goeie/voldoende struktuur, wat logiese vloei demonstreer<br>• Goeie/voldoende begrip van 'n choreografiese proses<br>• Goeie/voldoende motiverings vir die volgorde van gekose stappe |
| **4–6** | • Sommige struktuur wat basiese logiese vloei demonstreer<br>• Sommige begrip van 'n choreografiese proses<br>• Sommige motiverings vir die volgorde van gekose stappe |
| **0–3** | • Minimaal/geen struktuur en vloei<br>• Minimaal/geen begrip van `n choreografiese proses |

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
**Stap 1: Navorsing/Ondersoek**
Ek het besluit om navorsing eerste te doen omdat dit van my verwag om dieper insig in my tema kyk. My navorsing sal stimuli voortbring wat ek in my improvisasie-sessies met my dansers kan gebruik.
**Stap 2: Improvisasie**
Ek sal die stimuli van my navorsingsmateriaal uittrek om my improvisasie-aktiwiteite te lei. Ek sal my dansers vrae om die stimuli te gebruik om te improviseer om bewegings te skep. Die bewegings sal my 'n idee gee waar om my choreografie uit te voer.
**Stap 3: Kies 'n opvoerruimte**
Deur my opvoerruimte te kies, kan ek regtig verder eksperimenteer met my bewegings en dit verander om in die ruimte te pas. Op hierdie oomblik sal ek die mees geskikte musiek/begeleiding vir my gekose ruimte moet kies.
**Stap 4: Kies musiek/begeleiding**
Gedurende my improvisasiesessies het ek na verskillende musiekstukke geluister wat moontlik my tema en bewegings kan ondersteun. Nou kan ek my musiek om by my bewegings en ruimte te pas finaliseer.
**Stap 5: Produksie- elemente**
Noudat my bewegings, musiek en ruimte gefinaliseer is, kan ek aan ander produksie-elemente wat my tema sal ondersteun dink en vir my final uitvoering voorberei.
**Stap 6: Refleksie**
Refleksie is 'n belangrike stap en moet deur die proses in ag geneem word. Op hierdie manier kan ek assesseer of ek nog op die regte pad is asook om vooruit te beplan. **[25]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **6.1** | **Identifisering** | **6 punte** |
| | **6.3** | **Beskrywing** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **6.2** | **Bespreking** | **6 punte** |
| **HOË VLAK** | **6.4** | **Identifisering en motivering** | **8 punte** |
| | | **OF** | |
| | **6.5** | **Identifisering en motivering** | **8 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 6.1 | Beginsels en karaktereienskappe van hoofdansvorm | 1. Herroep |
| 6.2 | Funksies van dans | 1. Herroep<br>2. Verduidelik die waarde van dans in die samelewing |
| 6.3 | Dansloopbane | 1. Herroep |
| 6.4 | Visuele geletterdheid en simbolisme | 1. Herroep<br>2. Reflekteer oor hoe simboliek gebruik word<br>3. Verduidelik simboliek wat identifiseer was met gemotiveerde voorbeelde |
| | **OF** | |
| 6.5 | Visuele geletterdheid en simbolisme | 1. Herroep<br>2. Reflekteer oor hoe simboliek gebruik word<br>1. Verduidelik simboliek wat identifiseer was met gemotiveerde |

6.1 **IDENTIFISERING VAN SES BEGINSELS EN/OF KARAKTEREIENSKAPPE VAN HOOFDANSVORM**

**NOTA:**
- Geen punte word vir die naam van die hoofdansvorm toegeken
- Kandidate moet SES beginsels en/of karaktereienskappe van die hoofdansvorm identifiseer
- Beginsels en/of karaktereienskappe moet spesifiek aan die hoofdansvorm wat genoem verband hou.
- Moenie punte vir algemene beginsels en/of karaktereienskappe toeken nie

**Verwagte Reaksies:**
**Moontlike areas in verband met Beginsels en/of karaktereienskappe wat genoem word**
- Asemhaling
- Swaartekrag
- Vloerwerk
- Voete, arms en kop
- Postuur, liggaamshouding en belyning
- Sentrering


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Geslagsrolle
- Kostuums
- Musiek
- Tegnieke
- Deelnemers
- Plek
- Bedoeling

Enige ander relevante beginsels en/of karaktereienskappe in verband met hoodfdansvorm (6)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
**Afrika dans beginsels en/of karaktereienskappe:**
- Natuurlike buiging van die liggaam √
- Skouer en heup isolasies √
- Komplimenteer swaartekrag √
- Kompleks ritmiese patrone √
- Stamp van voete √
- Na- aap die natuurlike wêreld, diere, insekte ens. √

6.2 **VERDUIDELIKING VAN DIE WAARDE VAN DANS IN DIE GEMEENSKAP/SAMELEWING**

**NOTA:**
- Moet nie punte vir definisies toeken nie
- Kandidate verduidelik hoe die funksie van dans waardevol in die gemeenskap/samelewing is

**Verwagte reaksies:**
- Opvoeding
- Geloof
- Protes
- Ontspanning
- Loopbaan
- Uitdrukking
- Viering/ritueel
- Vermaak
- Bemarking/advertensie

Enige ander voordeel van dans in verband met die waarde in die gemeenskap/samelewing (6)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Dans hou baie waarde in die samelewing omdat dit mense toelaat om belangrike lewenslesse soos dissipline aan te leer. √ Dit kan ook as 'n bron om mense saam te bring en 'n gevoel van gemeenskap te skep gebruik word. √ Dans is voordelig om stres te verminder wat die gemeenskap ontspanne en kalm hou. √ Dit kan 'n manier wees om lede van die publiek oor verskillende kulture op te voed. Dit is waardevol omdat dit respek vir andere in die samelewing sal ontwikkel. √ Dans word gebruik vir fiksheid wat waardevol is omdat lede van die gemeenskap fiks en gesond sal bly. √ Die samelewing gebruik dans as 'n vorm van protes om lig te skyn oor sosio-politieke kwessies in die gemeenskap. √

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.3 **BESKRYWING VAN DIE ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN 'n VERHOOGBESTUURDER**

**Verwagte Reaksies:**
**Areas om beskryf te word:**
- Leierskap vaardighede
- Tydsbestuur
- Beplanning
- Kommunikasie
- Probleemoplossing vaardighede

Enige ander relevante antwoorde in verband met die rol en verantwoordelikhede van 'n verhoogbestuurder (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ 'n Verhoogbestuurder sal 'n geselskap en bemanning moet kan bestuur. ✓
- ➢ Tydsbestuurvaardighede is belangrike kwaliteite van 'n verhoogbestuurder om dat hy/sy 'n oefenprogram moet bestuur. ✓
- ➢ Verhoogbestuurders is verantwoordelik om met verskillende mense in die teater te kommunikeer. ✓

6.4 **IDENTIFISERING EN MOTIVERING VAN SIMBOLISME IN DIE FOTO**

**NOTA**:
- o Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- o Kandidate mag in verskeie maniere beantwoord
- o Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- o Geen regmerke moet gebruik word nie
- o Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is
- o Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie

**Verwagte Reaksies:**
**Kostuum**
- Styl
- Ontwerp

**Setting**
- Opvoerruimte
- Huise
- Paaie

**Beligting**
- Tipe beligting
- Kleur

**Beweging/gebare**
- Dansgenres
- Hoeke/vorms

Enige ander relevante antwoord in verband met simboliek in die foto te identifiseer (8)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRUBRIEK:**

| | |
|---|---|
| **7–8** | • Uitstekende vermoë om simboliek in die foto te identifiseer<br>• Uitstekende begrip en verduideliking van simboliese betekenis in verband met die foto. |
| **5–6** | • Goeie vermoë om simboliek in die foto te identifiseer<br>• Goeie begrip en verduideliking van simboliese betekenis in verband met die foto. |
| **3-4** | • Voldoende vermoë om simboliek in die foto te identifiseer<br>• Voldoende begrip en verduideliking van simboliese betekenis in verband met die foto. |
| **0–2** | • Geen vermoë om simboliek in die foto te identifiseer nie<br>• Geen begrip en verduideliking van simboliese betekenis word verskaf. |

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Hierdie foto kan beskou word as 'n magtige foto wat die wrede realiteit van Suid-Afrika uitbeeld. Die opslaanhuis in die agtergrond is simbolies van die armoedige lewe wat deur soveel Suid-Afrika geleef word. Die helderblou hemel kan die hoop wat die nasie vul verteenwoordig terwyl die vullis op die grond die gruispad wat Suid-Afrikaners moet deurmaak om daardie hoop te vervul, verteenwoordig. Verder kan die kontras tussen die klipperige en teeroppervlakke die verskillende aspekte van dansopleiding simboliseer, partykeer gaan dit rof en ander tye kan dit glad verloop. Die huise is verskillende kleure wat die reënboog nasie verken as Suid- Afrika verteenwoordig. Die danser is besig om in die straat op te voer wat voor kan stel dat dansuitvoerings verder as slegs teater ruimtes gevorder het. Ballet kan as 'n elitistiese kunsvorm beskou word en hierdie danser weerspreek die stereotipe deur Ballet in 'n plakkersdorp op te voer; miskien maak die danser 'n politieke stelling en lê klem op die feit dat enigiemand, ongeag hul agtergrond ballet kan doen.

**OF**

6.5 **IDENTIFISERING EN MOTIVERING VAN SIMBOLISME IN DIE FOTO**

**NOTA**:
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag in verskeie maniere beantwoord
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie

**Verwagte Reaksies:**
**Beligting**
- Tipe beligting
- Kleur

**Beweging/gebare**
- Hoeke/vorms
- Plasing

**Tegnologie**
- Ontwerp/projeksie

**Rekwisiete**
- Kaarte



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Stel**
- Verhoog
- Water
- Plankpad

Enige ander relevante antwoord in verband met simboliek in die foto te identifiseer (8)

**NASIENRUBRIEK:**

| | |
|---|---|
| **7–8** | • Uitstekende vermoë om simboliek in die foto te identifiseer<br>• Uitstekende begrip en verduideliking van simboliese betekenis in verband met die foto. |
| **5–6** | • Goeie vermoë om simboliek in die foto te identifiseer<br>• Goeie begrip en verduideliking van simboliese betekenis in verband met die foto. |
| **3-4** | • Voldoende vermoë om simboliek in die foto te identifiseer<br>• Voldoende begrip en verduideliking van simboliese betekenis in verband met die foto. |
| **0–2** | • Geen vermoë om simboliek in die foto te identifiseer nie<br>• Geen begrip en verduideliking van simboliese betekenis word verskaf. |

**Voorbeeld van 'n antwoord**
Hierdie foto kan simbolies van elke dag iets te waag wees. Die hande is besig om die kaarte te gooi asof jy 'n besonderlike situasie gedeel word. Elke kaart kan die vele besluite wat op een oomblik voor 'n mens staan verteenwoordig. Die kleur op elke kaart dra meer krag as die ander wat voorstel dat een probleem meer aandag as die ander benodig. Die posisie van die kaarte, wat bo op mekaar lê kan die impak wat een besluit op die ander sal hê verteenwoordig. Die vallende kaarte kan die verlies van leiding verteenwoordig. Sommige kaarte is besig om in die water in te sink soos onopgelosde probleme wat ons partykeer begrawe. Die leë sitplekke kan voorstel dat jy alleen jou probleme moet oplos om as mens te groei. **[25]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 7: DANSWERK**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **7** | **Herroeping** | **20 punte** |
| **HOË VLAK** | **7** | **Ontwerp** | **5 punte** |

| | INHOUD VIR ASSESSERING | DINKPROSES<br>Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg |
|---|---|---|
| 7 | Danswerk: sinopsis, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme | Inhoud:<br>1. Herroep |
| | | Ontwerp:<br>1. Instruksies volg<br>2. Uitleg<br>3. Organisering<br>4. Kreatiwiteit<br>5. Visuele impak |

7. **ONTWERP 'n INFORMATIEWE PLAKKAAT**

**NOTA**:
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate moet al vyf kolpunte adres om volpunte toe te ken
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om te verseker dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord gemis het nie
- Skryf die punte wat toegeken word volgens die opskrifte in die nasienrubriek, aan die begin of aan die einde van die antwoord, afhangende van die spasie wat beskikbaar is
  Bv.: Inligting = 20
  Ontwerp = 5

**Verwagte reaksies:**

**Sinopsis**
- Inspirasie
- Redes
- Bedoeling
- Oorsig van afdelings

**Produksie-elemente**
- Beligtingsontwerp, spesiale effekte, projeksie
- Kostuum
- Stelontwerp
- Rekwisiete
- Agterdoek
- Tegnologie, multidissiplinêre werk
- Musiek/begeleiding
- Opvoerruimtes: konvensionele en nie-konvensionele ruimtes


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Bewegingswoordeskat**
- Genres/styl/samesmelting
- Gebare/motiewe
- Danselemente
- Choreografiese strukture

**Simbolisme**
- Produksie- elemente
- Bewegingswoordeskat

Enige ander relevante antwoorde in verband met die danswerk (25)

**NASIENRUBRIEK:**

| | | |
|---|---|---|
| **Inligting** | **16–20** | • In-diepte herroeping van die danswerk<br>• In-diepte begrip van die sinopsis, produksie-elemente, bewegingswoordeskat en simbolisme<br>• Vele uitstekende voorbeelde word verskaf |
| | **12–15** | • Goeie herroeping van die danswerk<br>• Goeie begrip van die sinopsis, produksie-elemente, bewegingswoordeskat en simbolisme<br>• Verskaf sommige goeie voorbeelde word verskaf |
| | **7–11** | • Voldoende herroeping van die danswerk<br>• Voldoende begrip van die sinopsis, produksie-elemente, bewegingswoordeskat en simbolisme<br>• 'n Paar voorbeelde word verskaf |
| | **0–6** | • Minimale/geen herroeping van die danswerk<br>• Minimale/geen voorbeelde word verskaf |
| | | |
| **Formaat** | **5** | • Uitstekende vermoë om inligting in 'n informatiewe plakkaat te organiseer<br>• Uitstekende kreatiwiteit, uitleg en visuele impak |
| | **3–4** | • Goeie/voldoende vermoë om inligting in 'n informatiewe plakkaat te organiseer<br>• Goeie/voldoende kreatiwiteit, uitleg en visuele impak |
| | **1–2** | • Minimaal vermoë om inligting in 'n informatiewe plakkaat te organiseer<br>• Minimaal kreatiwiteit, uitleg en visuele impak |
| | **0** | • Geen vermoë om 'n informatiewe plakkaat te ontwerp nie<br>• Geen kreatiwiteit, uitleg en visuele impak nie |

**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Skryf** | **12 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Formaat** | **3 punte** |

| **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|
| Voorgeskrewe choreograaf | 1. Herroep<br>2. Kennis van die opstelformaat<br>3. Kies geskikte inligting vir:<br>• Inleiding<br>• Liggaam<br>• Slot<br>4. Skryf 'n opstel wat 'n logiese vloei van relevante inligting aanbied |

**8. SKRYF 'N OPSTEL**

**NOTA**:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Om volpunte toe te bereik, hoef kandidate nie al die kolpunte in die verwagte antwoorde te bespreek nie
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om te verseker dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie
- Skryf die punte wat toegeken word volgens die opskrifte in die nasienrubriek, aan die begin of aan die einde van die antwoord, afhangende van die spasie wat beskikbaar is
  Bv.: Inligting = 12
  Formaat = 3

**Verwagte antwoorde:**

- Agtergrond inligting
- Invloede
- Dansopleiding en beroep
- Prestasies en erkenning
- Bydrae en verwantskap met dans in die gemeenskap

Enige ander relevante areas in verband met die choreograaf (15)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRUBRIEK:**

| | | |
|---|---|---|
| **Inligting** | **10–12** | • In-diepte herroep van die choreograaf |
| | **8–9** | • Goeie herroep van die choreograaf |
| | **5–7** | • Voldoende herroep van die choreograaf |
| | **0–4** | • Minimale/geen herroep van die choreograaf |
| | | |
| **Formaat** | **3** | • Uitstekende vermoë om inligting in opstelformaat te organiseer |
| | **2** | • Goeie vermoë om inligting in opstelformaat te organiseer |
| | **0–1** | • Minimale/geen vermoë om inligting in opstelformaat te organiseer |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS